

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou...

*Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!*

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: Sout en lig, bewaar en skyn

Skriflesing: Matteus 5:13-23

Broodjies vir die pad

“People are like stained-glass windows. They sparkle and shine when the sun is out, but when the darkness sets in, their true beauty is revealed only if there is a light from within.”

— Elisabeth Kübler-Ross

Daa' kô 'n tyd

Daa' kô 'n tyd, vrin' van my
wanne dji moet lat gaan
'n tyd om 'n brênd new
direction in te slaan
'n tyd wanne dji
van'ie bekende weg moet stap
en'ie deure van jou past
vi' eens en altyd toe moet klap

Daa' kô 'n tyd wanne dji moeg raak
van 'anhou probee'
oppie einde is dji'rie ene
met allie opgekropte see'
'n tyd wanne "oh I'm sorry"
g'n betiekenis mee' het
want hoekô dji's kla' geskei
van tafel en bed

Ja daa' kô 'n tyd
om vorentoe te beweeg
ve'al as als in jou binneste

ve'lore voel en leeg
en wanne dji op 'n dag
nettie mee' kan vergeef
isit tyd om jou liewe
op jou manier te leef

Daa' kô 'n tyd om'ie yesterdays
finaal agte' te laat
sonne' ienage skuldgevoelens
sonne' selfverwyf of haat
'n tyd om'ie donke'
voo' jou oë te lat verdwyn
want eendag, I'm telling you
sal dji'rie son wee' sien skyn

Christo Meyer

“The only patriots worth their salt are the ones who love their country enough to see that in a nuclear age it is not going to survive unless the world survives. True patriots are no longer champions of Democracy, Communism, or anything like that but champions of the Human Race. It is not the Homeland that they feel called on to defend at any cost but the planet Earth as Home. If in the interests of making sure we don't blow ourselves off the map once and for all, we end up relinquishing a measure of national sovereignty to some international body, so much the worse for national sovereignty. There is only one Sovereignty that matters ultimately, and it is another sort altogether.”

— Frederick Buechner, *Whistling in the Dark: A Doubter's Dictionary*

RESENSIE: 'A Hidden Life' resoneer met ons geskiedenis

Joan Hambidge

A Hidden Life Historiese drama *****

A Hidden Life is die verhaal van ene Franz Jägerstätte (vertolk deur August Diehl) in Terrence Malick se jongste rolprent. Die storie is voorspelbaar: 'n jong Oostenrykse boer en gelowige weier om te veg tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hy is 'n gelowige Rooms-Katolie.

Die titel, weet ons, verwys na George Eliot se beroemde opmerking in *Middlemarch* (1871-1872) oor al die onbesoekte én ongemerkte grafstene op aarde van mense wat hulself geoffer het vir 'n saak. Só 'n man is Franz.

En die kyker weet van meet af aan wat met hom gaan gebeur. Malick se kamerawerk is die eintlike verhaal. Daar is duidelike simbole: 'n lig wat verdof, wolke wat aanvanklik die idille weergee en later verdonker.

Ons kyk na die rolprent en skielik is dit donker.

Wanneer sake begin skeef loop, sit die vrou met geknoopte toue op haar skoot. Ons weet wat dit simboliseer.

Boonop stel hy die man en vrou aan die woord in 'n agtergrondstem. Agter hulle Engelse stemme hoor ons Duits. In die tronk staan daar teen die muur: *Spreken Verboten!* Ons sien hoe 'n vrou 'n appel skil en langsaam daaraan eet. 'n Skoot van bo in die tronk verklap geweldig baie. Die geweld word dikwels deur insinuasie meegedeel as blatant vertel. 'n Geslagte vark wanneer die pa in die tronk is, laat 'n jong kind gril.

Die tronke in Enns en Berlyn is die hel. Die tronkbewarers is grusame, aaklige figure wat nie weifel om te mishandel nie. Franz se vrou word deur owerhede sleg behandel. Die priester is simpatiek, maar sy hande is afgekap.

Briewe word versend en voorgelees tussen man en vrou. Skielik met hierdie slegte nuus is ons in die donker. Asof die kamera ons dwing om na te dink ...

Die kamera fokus op die wonderskone natuur wat later onstuimig raak. Ons sien vuil naels en geel tande van 'n ou man. Tussen 1939 en 1943 word die verhaal uitgespeel in bykans drie uur. Dit begin met bekende wit-en-swart-footage van Hitler wat later selfs kleurskote bevat van hoe hy 'n jong kind in sy politieke loopbaan gebruik. Dan vrolike musiek met Hitler in kleur. Slavoj Žižek beweer dat Stalin gaande oor musiekpele was in *The Pervert's Guide to Cinema* bykans om sy aandag af te trek van sy booshede.

En hierdie rolprent verwys tersluiks na *The Sound of Music* waar die einde grimmig is ná die idilliese begin.

Hoe 'n hele gemeenskap teen 'n man met gewetensbesware draai en later sy vrou en kinders viktimiseer, word uitstekend weergegee.

Valerie Pachner as Franziska Jägerstätter, die eggenote van die man, se lot ruk 'n mens aan die hart. Selfs haar skoonma neem háár kwalik vir haar man se besluit. Die bure is mislik. Die klein gemeenskap verwerp haar en selfs met 'n kerkbesoek, is die kinders aaklig met haar drie dogters.

Sy sukkel om te oorleef en sy en haar suster ploeg met 'n koei. Haar buurman steel haar beet.

Bruno Ganz vertolk die rol van die regter. Hy probeer alles in sy vermoë om Franz te oortuig om sy sienings te laat vaar, maar dit slaag nie. Die einde is doodstraf.

Hy (Ganz) was laas in *Wings of Desire* (Wim Wenders se voortreflike rolprent) so goed! Hierdie rol speel in op sy vertolking as die professor in *The Reader*.

'n Argetipiese verhaal van hoe mense se vrese werk en die implikasie van 'n eenkantmens. Die grootste karakter in hierdie rolprent is die kamera wat fokus op ligene teen 'n boom. Hiermee word gesuggereer dat die bome ouer en wyser is as mense.

Die klankbaan is verruklik. Kerkklokke, Bach, Beethoven ...

Erna Putz, die biograaf van Jägerstätter, was diep geraak deur die spiritualiteit van die rolprent. Juistement. Malick het immers *Days of Heaven* en *The Tree of Life* gemaak.

Teen die slot fokus die kamera op 'n berg en 'n waterstroom en die vrou wat opmerk dat hulle weer sal ontmoet. Eendag.

Dit is 'n stadig-bewegende rolprent wat baie geduld opeis. Maar dit is bepaald die moeite werd. En dit resoneer met ons geskiedenis waar jong mense in 'n grensoorlog gesterf het.

* *Met o.a. August Diehl, Valerie Pachner, Matthias Schoenaerts en Bruno Ganz. Ouderdomsbepanking: 13 GV (geweld, vooroordeel). Tydsduur: 174 min. In 2D.*

<https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/resensie-a-hidden-life-resoneer-met-ons-geskiedenis-20200202>

"An age is called Dark, not because the light fails to shine, but because people refuse to see it."

— James A. Michener

"There is a certain way of being human that is my way. I am called upon to live my life in this way, and not in imitation of anyone else's life. But this notion gives a new importance to being true to myself. If I am not, I miss the point of my life; I miss what being human is for me."

— Charles Taylor, Multiculturalism

Brood vir die pad

Mozart se musiek het vir dié teoloog evangeliese waarde

RRV

'Ek moet bely,' skryf die Switserse teoloog Karl Barth, "dat as ek in die hemel kom, ek eerste vir Mozart sal gaan opsoek, en eers daarna sal vra na Augustinus, St. Thomas, Luther, Calvin en Schleiermacher."

Barth – dikwels beskryf as die grootste teoloog van die 20ste eeu, en bekend vir sy monumentale *Kirchliche Dogmatik* (Kerklike Dogmatiek – KD) met sy 12 lywige dele – het dan ook die meeste dae begin deur na 'n stuk musiek van Wolfgang Amadeus Mozart te luister. Eers hierna (en ná die lees van die koerant) het sy teologiese arbeid gevolg.

Maar waaraan is Barth se bewondering en waardering vir Mozart toe te skryf?

In sy " 'n Brief van dank aan Mozart," gedateer 23 Desember 1955 (en later gepubliseer in 'n boekie met vier van sy tekste oor Mozart), gee Barth 'n moontlike antwoord:

"As ek na jou musiek luister, word ek verplaas na die drumpel van 'n wêreld wat in sonlig en storm, bedags en snags, 'n goeie en geordende wêreld is . . . Met die aanhoor van jou musiek kan 'n mens jonk wees én oud word, werk én rus, tevrede wees én hartseer; kortliks, kan jy léwe."

Barth is bewus dat sommige mense kan frons oor die feit dat hy as Protestantse teoloog so 'n onbeskaamde verering vir Mozart het.

Aan diegene rig hy die herinnering dat die Nuwe Testament nie net praat van die koninkryk van die hemel nie, maar ook van die gelykenisse van dié koninkryk. Mozart se musiek is vir Barth 'n soort gelykenis, en dus van evangeliese waarde.

Wat veral vir Barth in Mozart se musiek beweeg, is die feit dat dit op 'n spesifieke wyse aan die lewe in al sy volheid, insluitende die lewe se disharmonieë, uiting gee.

Wanneer Barth byvoorbeeld oor die raaisel van die bese te midde van God se goeie skepping skryf (in KD III/3), verwys hy in besonder na Mozart as iemand wat in die harmonie van die skepping ook die donkerte "gehoor" het (en ons dit weer deur sy musiek laat hoor). Maar op so 'n wyse dat die donkerte nooit so duister is dat die lig nie daaruit kan straal nie.

In 'n voordrag oor "Mozart se vryheid" – gelewer einde Januarie 1956 in 'n musieksaal in Basel tydens die 200ste herdenking van Mozart se geboorte – onderstreep Barth in soortgelyke trant:

"In Mozart se musiek skyn die son, maar dit verblind nie; die hemel strek oor die aarde, maar dit versmoor dit nie. Aarde bly aarde.

"Toegegee: Donkerte, chaos, en dood is teenwoordig. Maar dit seëvier nie."

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/mozart-se-musiek-het-vir-die-teoloog-evangeliese-waarde-20200131>

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.*